

September 2019

Werk saam **SSK** Wen saam

# WENAKKER

NUUSBRIEF • NEWS LETTER

Psalm 16:6 : "Die meetsnoere het vir my in lieflike plekke geval, ja my erfenis is vir my mooi."

# 'N UITTREKSEL UIT DIE VOORSITTERSVERSLAG

## A SYNOPSIS OF THE CHAIRMAN'S REPORT



Dirk van Papendorp (SSK Voorsitter)

It is my pleasure as Chairman of the Board to present this report to our members at this 88th Annual General Meeting of SSK.

Die jaar onder oorsig was in vele opsigte een van uitdagings. Die Agbiz Landbou-vertrouensindeks het vir die tweede kwartaal van 2019 gedaal van 46 na 44. Wisselvallige weerstoestande in feitlik al die land se klimaatstreke, die gebrek aan duidelikheid met betrekking tot die grondhervormingsbeleid asook onsekerheid ten opsigte van stabiele kragvoorsiening deur Eskom is die hoofoorsake.

The area in which SSK operates was subjected to challenging agricultural circumstances in the past year. Lower than expected agricultural earnings led to members predominantly using their harvest yield to relieve production debt. Weak prices in the grain and dairy industries together with a temporary curb in wool exports led to the fact that capital spending by our members was simply not possible. Despite this, agricultural land remains expensive.

Water surety and the management of water infrastructure is worrisome, especially for our fruit and dairy producers. It is crucial that the policy framework in this regard should be adapted in order to encourage private investment in bulk storage instead of the current policy that is counterproductive.

Die uitdagings van die Suid-Afrikaanse ekonomie en die effek van die droogte op landbou in ons streek, het sy merk gelaat op SSK se finansiële prestasie. Die Koöperasie sluit die jaar af met 'n wins voor belasting van R50,2 miljoen wat 27% laer is as in 2018.

SSK primarily aims to create a climate which enables the agricultural producer to focus on producing successfully.

*- na bl.2*

# HOOFBESTUURTOEKENNINGS



Die trotse ontvangers van die Hoofbestuurstoekenning by die SSK Algemene Jaarvergadering wat op 19 Julie 2019 te Mosselbaai plaasgevind het: V.l.n.r: Henk de Beer (Hoofbestuurder: Bedrywe), Johan le Roux (Bestuurder: Aankope), Tronel Lourens (Hoof Winkelverkope, AgriLand Swellendam), Denise Esau (Administratiewe Beampte, Krediteure), Erenst Pelser (Hoof Uitvoerende Beampte), Jan Jansen (Silo Operateur, Swellendam), John Mitchell (Netwerk Administrateur, IT) en Villiers van Veen (Hoofbestuurder: Finansies en Admin).

- vervolg van bl.1

The optimization of members' financial position is supported by SSK through the provision of inputs (fuel, seed, fertilizer, animal feeds, veterinary medication, packaging, financing and insurance). In striving to fulfill this objective, most operational divisions managed to produce good results with the Grain-, Seed, Animal feeds- and Retail divisions remaining profitable.

A secondary objective is the continued focus to set up businesses in the region-based agricultural value chain. The SSK Group, subsidiaries included, close the financial year with a profit before tax of R131.1 million.

It has become increasingly difficult to attain broad-based black economic empowerment objectives in all the sectors in which SSK operates. The Board intends investigating a possible change in the composition of the SSK board in order to fulfill the said requirements. A special resolution in this regard will be on the agenda at the 2020 Annual General Meeting.

Be assured of the Board's unwavering commitment in cooperating with management to ensure continued and improved service delivery to you, our members.

SSK se personeel en dié van sy filiale, (1312 in totaal), bly ons grootste bate en ons bedank julle vir onbaatsugtige diens om van hierdie besigheid 'n wenner in ons gebied te maak.

Alle eer aan ons Skepper wat ons en hierdie besigheid daagliks in Sy hand hou. U as landbouer ken die gevoel van mislukking, weer opstaan en voortbou. Kom ons wees die Gees vir 'n beter Suid-Afrika waaraan ons almal kan saam bou en waarin ons almal voorspoedig kan leef.

*- Dirk van Papendorp (SSK Voorsitter)*

# SSK LEDE GESELLIG SAAM BY DIE JAARVERGADERING



Erenst Pelser Hoof Uitvoerende beampte aan die woord.



Die Sekondantsrede is deur Francois Zondagh van Avontuur gelewer.



Thys Odendaal (SSK Direkteur)



SSK Lede; Johann Muller, Jurg Streicher en Kolie Brits. Hoë bome!



Ben van Rensburg (Softlutions), Alwyn Burger (SSK), Patrick Nelissen (SSK) en Barry Jacobs.



Aphelele Mantshi en Eva Viljoen van Soill met B-well produkte vir lekker proe.



Hennie Steyn (SSK lid), James Ackhurst en Marika Ackhurst (SSK).



Nico Steyn (Bestuurder Eureka Mills) en die kranige vetkoek bakster, Isabel du Preez.



Dirkie Hopkins junior (SSK lid) en Annelie van Wyk (SSK).



SSK lede luister aandagtig na die sprekers.



Gawie Giliomee (SSK lid) en Willem Burger (SSK).

FOKUS OP SSK LEDE

# JOHAN VAN DER SCHYFF

Selfs sonder enige voorkennis van toekennings en akkolades sou 'n besoeker aan die Van der Schyff-boerdery en die eiervertakking, Dagbreek Eiers, met die eerste oogopslag reeds weet dat jy nou met 'n tópboer te doen het. Johan van der Schyff, is op 36-jarige ouderdom duidelik 'n man wat weet waarheen hy op pad is en hy bestuur en beheer dié pad met selfvertroue, energie en fokus. Op Woensdag 22 Mei 2019 ontvang hy die gesogte toekenning van Agri Wes-Kaap Santam Jongboer van die Jaar. Hy vertel hoe verras hy was toe hy met sy terugkeer deur sy werknemers begroet is met 'n hele "aanbieding van sang, dans en toesprake". Sy werkerskorps betaan uit 23 mense in bestuursposte, 25 vragmotorbestuurders en 200 algemene werkers. "Sonder hulle sou ek dit nie kon doen nie en daarom is dit net soveel hulle toekenning, as myne", beklemtoon Johan.

Johan se pa, JJ van der Schyff was voor sy aftrede 'n groot hoender- en eierboer en bly Johan se mentor. By hom het Johan van kindsbeen af geleer dat 'n boer multi-dissiplinêr moet kan dink en beplan: strategiese visie, finansiële beplanning, menslike hulpbronne en inligtingstegnolgie is alles deel van 'n boer se dagtaak. Maar JJ van der Schyff het sy seun ook geleer om sy hande vuil te maak en nederig te bly. Op skool het hy vakansies op familieplase te Ventersdorp en Kroonstad eiers uitgehaal, in die veekrale gehelp en gedoseer. Johan bestuur nie vanuit 'n kantoor nie.

Die ondernemingstatistieke is indruk-wekkend en spreek vanself. By die twee reuse eier-produksie aanlegte, Dagbreek Eiers in Plettenbergbaai en Humansdorp, verpak die pakmasjiene 660 000 eiers per dag en versamel terselfdertyd data oor die grootte en gewig van die eiers. Die eierverspreidingsdepot in Kraaifontein verpak en versprei tussen 800 000 tot 1 miljoen dosyn eiers per maand. Johan kyk daagliks na die produktiwiteitsverslae en vergelyk dit met die gemiddelde landswye produksie syfers van die Suid-Afrikaanse Pluimveevereniging. As direkteur van die TopLay Eierkoöperasie hou hy sy vinger op die polsslag van die eierbedryf in Suid-Afrika, hy ken sy bedryf op die punte van sy vingers en bestuur dit haarfyn.

In 2012 het Johan besluit om te diver-sifiseer, "nie al sy eiers in een mandjie te hou nie" en het 'n plaas in die Karoo gekoop en voerkrale vir lammers opgerig. In 2017 begin hy met 'n vennoot, Johan du Pisanie, 'n Angora-stoetery en Dorper- Merino- en Dohne Merino lammerboerdery by Aberdeen en Willowmore. Die beoor-delaars van die jongboer-kompetisie, 'n paneel van 12, was beïndruk deur die feit dat dié boerdery onderneming sedert Johan se oorname meer as verdriedubbel het. Hy benut die voordele van skaal-ekonomie ten volle en sy resultate spreek vanself.

Johan is 'n plaasseun in murg en been. Hy begin sy skoolloopbaan in 'n klein plaaskooltjie, Schoonspruit in Ventersdorp en matrikuleer by Wittedrift waar daar net 350 leerlinge was. Na skool was daar vir hom net eén keuse en eén pad: terug plaas toe. Sy vrou, Anel, was saam met hom op skool en hulle het 3 kinders. As mediese dokter is Anel in beheer van die Bitou Gemeenskapskliniek en behartig ook die noodsaaklike mediese toetsing en -sifting van Dagbreek se werknemers.

Johan vertel dat hy oor die vermoë beskik om die "geraas daar buite" te ignoreer en te fokus op die ondernemings se bydrae tot voedelsekerheid en bio-sekuriteit in Suid-Afrika. Hy is optimisties en glo in die toekoms van landbou. Hy wil nie nood-wendig net groter word nie, maar slimmer en meer effektief boer, sodat hulle kan voortbou op top gehalte kwaliteit produkte en -dienslewering. Hy skrik nie vir uit-dagings nie, vat nie kortpaaie nie en vat 'n pak soos 'n man. Elke dag is 'n nuwe geleentheid om sy passie uit te leef en hy doen dit met oorgawe. SSK is trots op ons vennootskap met JJ van der Schyff Boerdery.

Die Nasionale Agri Toyota Jongboer van die Jaar in Suid-Afrika vind plaas op 7 November 2019. Een ding staan soos 'n paal bo water: wie ook al wen, sal eers by Johan moet verbykom!

*- Annelie van Wyk*





**Die van der Schyff gesin, agter v.l.n.r.: Karlien, Anel en Mieke. Voor v.l.n.r.: JJ (Junior) en Johan van der Schyff.**



**Die van der Schyff plaaskinders; Karlien, JJ (Junior) en Mieke.**

FOKUS OP SSK WERKNEMER

# PATRICK NELISSEN
## (Senior Bestuurder: Meganisasie)

### VERTEL VAN JOUSELF EN JOU GESIN

Ek is in Brussels, België gebore. My ouers het in 1966 Suid-Afrika toe ge-immigreer. My pa het by Senwes in Matatiele begin werk en my ma was 'n verpleegster. Ek was in Voortrekker Hoërskool in Pietermaritzburg tot Standerd 9 en het Matriek voltooi by Helpmekaar Hoërskool in Johannesburg.

Ek het 'n BA LLB graad verwerf by RAU waar ek my vrou, Marianna, ontmoet het. Sy het BCOM LLB daar voltooi. Ons is in 1994 getroud en het 4 seuns Anrick (26), Dehan(24), Nico (23) en Luka (15). Tans woon nog net Luka by ons en gaan op Swellendam skool.

### WAT DOEN JULLE GRAAG SAAM?

Ons is baie lief vir die natuur en het gereeld gekamp toe die seuns nog in die huis was. Ons gunsteling plekke is daar waar dit stil is, weg van baie mense, sodat mens die natuur kan geniet. Lekker kosmaak en saamwees by 'n braaivleis vuur is natuurlik deel daarvan.

### KORTLIKS JOU LOOPBAAN-GESKIEDENIS TOT DUSVER

Ek het by Premier Groep begin werk in die Menslike Hulpbronne afdeling en veral op Arbeidsverhoudinge gefokus. Daarna is ek na Blue Ribbon Bakery as 'n Streek Operasionele Bestuurder. Nadat Premier verkoop is, het ek as Besturende Direkteur van Megacom, 'n konstruksie maatskappy gewerk.

Ek het daarna by Afgri(OTK) gewerk en was betrokke by baie van hulle oornames van ander landbou maat-skappye (NatalAgri, LKB, SOK en ander).

Ek is later aangestel as Besturende Direkteur van Partrite wat Handel ingesluit het. Na 12 jaar is ek na Suidwes Landbou as Hoof Operasionele Beampte waar ek weereens betrokke was by verskeie oornames en die implimentering van 'n nuwe ERP stelsel. Ek het in 2018 by my vrou in Swellendam aangesluit waar sy 'n gastehuis bedryf en in 2019 vir SSK begin werk.


Die Nelissens van Swellendam.

### GROOTSTE LOOPBAAN PRESTASIE

Dit is moeilik om een uit te sonder, want 'n mens se loopbaan bestaan uit soveel groot prestasies, maar ook soveel klein prestasies wat net so besonders was op daardie oomblik.

Oor die algemeen is my vermoë om mense vinnig op te som en om mense te motiveer om hulle beste te gee, iets wat my nog altyd goed te staan gekom het.

### WAAR WIL JY JOUSELF EN SSK OOR 5 JAAR SIEN?

In my loopbaan was ek betrokke by baie verskillende industrieë en het 'n breë algemene kennis opgedoen oor wat besighede suksesvol maak al dan nie. Hopelik kan ek van daardie kennis tot voordeel van SSK benut.

### WAT IS DIE BESTE RAAD WAT JY AL ONTVANG HET?

My pa se raad gaan oor werksetiek. Wees altyd eerlik en gee jou beste. Moet nooit middelmatigheid aanvaar nie en onthou niemand skuld jou enigiets in die lewe nie. Jou suksesse en teleurstellings in die lewe hang 100% van jouself af.

# "SÓ MAAK MENS"- WATERPUNT BY AROUND THE POT FIETSREN

Die SSK Meganisasie span onder leiding van Kobus van Wyk het 'n nuwe standaard daar gestel oor hoe 'n waterpunt regtig behoort beman(bevrou) te wees. In ysige koue was hulle 'n welkome gesig vir moeë fietsryers. Nie net was daar 'n vuur en warm koffie en sjokolade nie, maar hulle het die modderige fietse afgespuit en die gereedskapkas was reg om stukkende fietse weer blitsvinnig op die pad te kry. As jy 'n trekker of stroper kan regmaak is 'n fiets seker kinderspeletjies!


Blitsvinnig op die pad met Meganisasie se ingenieurs vernuf!


Biltong vir uithouvermoë.


Vlnr: SW Odendaal, Wicus Leeuwner, Yvette Swart, Annabelle Hoek, Kobus van Wyk en Chris Boshoff, bibberend maar gelukkig!

# SSK MEGANISASIE

SSK Meganisasie verskaf 'n wye verskeidenheid produkte vanaf erkende, internasionale maatskappye en kan ook enige gewenste masjien of implement invoer op versoek. Die Meganisasie bemarkingspan is goed opgelei en spesialiste in hul veld. Hulle is nie bloot 'n verkope span nie, maar kan ook bystaan met tegniese oplossings en -advies.



**Onderdele Bestuurder: Swellendam**
Dries Theron
dries.theron@ssk.co.za
028 514 8773



**Ingenieurs Bestuurder: Heidelberg**
Hannes Ackerman
hannes.ackermann@ssk.co.za
028 514 8743



**Bemarker: Swellendam**
Heindrich Stiglingh
heindrich.stiglingh@ssk.co.za
082 523 8383



**Werkswinkel Bestuurder: Swellendam**
Kobus Van Wyk
kobus.vanwyk@ssk.co.za
028 514 8777



**Onderdele Bestuurder: Heidelberg**
Ollie Burger
ollie.burger@ssk.co.za
028 514 8692



**Bemarker: Heidelberg**
Dupie Du Plessis
dupie.duplessis@ssk.co.za
082 388 0031



**Werkswinkel Bestuurder: Heidelberg**
Tommie Prins
tommie.prins@ssk.co.za
028 514 8748



**Bemarker: George**
Hennie Barnard
hennie.barnard@ssk.co.za
079 499 5342



**Bemarker: George**
Jaco Smith
jaco.smith@ssk.co.za
072 668 7217

# SKOLE GRAANPROJEK

Die SSK Direksie het die SSK graanprojek in 2011 goedgekeur en sedertdien gaan dit van krag tot krag. Die projek behels dat Graanprodusente graan lewer vir 'n skool van sy keuse solank dit binne die bedieningsgebied by 'n SSK silo is. Elke ton só gelewer dien as een inskrywing ten einde 'n prysgeld van R40,000 te wen. Hierdie graan soos gelewer deur die produsent word dan deur SSK teen 'n markverwante prys by die skool aangekoop. Op hierdie manier het SSK deur die jare 'n noemenswaardige bedrag vir skole in ons gebied ingesamel. In die 2018/19 finansiële jaar is 55,4 ton graan gelewer by 7 skole. Die waarde van die graan gelewer/ inkomste na skole was R201,197.00 in 2019.

Die prys van 'n SSK koopbewys ter waarde van R40,000 gaan na 'n trekking van die lede betrokke, aan Hopkins Boerdery.




V.l.n.r: Henry Gale (Senior Bestuurder Graan, Dirkie Hopkins jnr en Henk de Beer (Hoofbestuurder: Bedrywe)








Die nuwe **SSK Meganisasie Fokus** is beskikbaar by alle SSK takke en verskyn twee-maandeliks.

Propvol interessante Meganisasie nuus asook produkte - nuut en tweedehands.



# LANGDIENS ERKENNING

**30 JAAR:** Nita Harris, Johan Louw, Henk de Beer en Gerda Steenkamp.

**25 JAAR:** Rhoda Wagman en Johan Kluyts

**15 JAAR:** Jacques Buys, Tanya Barkhuizen en Willie Roberts

**10 JAAR:** Rufus Human, Charl du Plessis, Carlo Bock, Elliot Abrahams, Abrie Jooste en Bonita Thompson



'n Trotse oomblik!
Henk de Beer vier 30 jaar diens by SSK



Villiers van Veen (Hoofbestuurder Finansies en Admin) wens Johan Louw Kredietbestuurder te Mosselbaai) geluk met 30 jaar diens.



Isabel Geldenhuys (Takbestuurder AgriLand Mosselbaai), Nita Harris (Winkelbemarker, Voerstoor) en Hein Alberts (Hoof Stoor en Werf).



Emmie Germishuys (Senior Bestuurder:Finansies wens Gerda Steenkamp (Senior Admin Beampte) geluk met 30 jaar diens.

# TOP 10 WINES

**DER KELDERMEISTER**

1. Van Loveren Beacon Hill Sauvignon Blanc
2. Van Loveren Pinotage
3. Jakkalsvlei La Perlé Rosé
4. Van Loveren Sauvignon Blanc
5. Unbelievable Dry Red
6. Alvi's Drift Pinotage
7. Villiersdorp Hanepoot Jerepigo (Treintjiewyn)
8. Bon Courage Blush Vin Doux
9. Van Loveren Neil's Pick Colombar
10. Perdeberg Soft Smooth Red

## REËNVAL IN STREKE

| STREEK | MEI 2019 | JUNIE 2019 | JULIE 2019 |
|---|---|---|---|
| Aberdeen | 16mm | 0mm | 5mm |
| Albertinia | 23mm | 26mm | 26mm |
| Ashton | 4mm | 15mm | 6mm |
| Avontuur | 31mm | 36mm | 55mm |
| George | 22mm | 27mm | 30mm |
| Heidelberg | 39mm | 31mm | 22mm |
| Herold | 11mm | 38mm | 28mm |
| Joubertina | 45mm | 39mm | 42mm |
| Karringmelks | 26mm | 45mm | 25mm |
| Knysna | 39mm | 29mm | 64mm |
| Misgund | 20mm | 20mm | 70mm |
| Mosselbaai | 40mm | 15mm | 26mm |
| Protem | 9mm | 30mm | 39mm |
| Plettenbergbaai | 20mm | 22mm | 63mm |
| Riversdal | 44mm | 32mm | 30mm |
| Swellendam | 34mm | 37mm | 22mm |

Let wel: Reënval mag verskil weens plek van meting in dorp streek



# MENSE EN DINGE



SSK dames uitgevat by die Rûens Kollege Vroue aand. V.l.n.r.: Emmie Germishuys, Michelle Kluyts, Annemie Buys, Lindie Burger, Jolene Cordier, Duffy Snyman, Gerda Steenkamp, Anelda Burger en Hester Lourens.




Johan Kluyts, SSK Swellendam Silo bedryfsbestuurder, was onlangs 25 jaar in diens van SSK. Wat hierdie prestasie nog meer besonders maak, is dat hy oor die tydperk van 25 jaar nie een enkele dag siekverlof geneem het nie!
Dít wil gedoen wees!




Louis Booysen het sy 4de en Redowaan Merp sy 1ste Comrades voltooi. Baie geluk!



SSK Leerders NQF5 2019
Voor v.l.n.r: Reagan Plaatjies, Johannes Samboe, Erol Plaatjies, Lester Appollis en Albertia Brandt.
Agter v.l.n.r.: Wezard Hendricks, Angelique Rademeyer en Divan Prins.



## NASIONALE BOBAAS DOHNE MERINO TELER

Wynand du Toit van Suidplaas is onlangs aangewys as die Nasionale Bobaas Dohne Merino Teler. SSK is trots op ons vennootskap met hom.




Erenst Pelser en Schalk Viljoen het SSK onlangs by die Agri Wes-Kaap Jaarkongres by Goudini verteenwoordig.

Redaksie: Annelie van Wyk | Tel: 044 601 1200 | annelie.vanwyk@ssk.co.za
DESIGN: NENANE BESTER - INFOGRAFIAC@GMAIL.COM | PRINTING : JETLINE PRINT ON DEMAND GEORGE